Luckhoffstraat, Durbanville, 7550 | Posbus 43, Durbanville, 7551
Tel: 021-975-1125 **Faks:** 086-665-9546
E-pos: admin@dvprep.co.za | **Web:** www.dvprep.co.za

Voorbereidingskool
DURBANVILLE
Preparatory School

Maak 'n verskil 2024 Make a difference

SPORT

SOMER SPORT INLIGTING

18 Januarie 2024

Beste Ouers

'n Hartlike welkom aan al ons ouers.

Ons nooi alle Gr1-3 ouers uit na ons jaarlikse algemene sportvergadering. Dit vind plaas op Donderdag, 18 Januarie om 18:00 in die skoolsaal.

By Durbanville Voorbereidingskool is ons strewe om 'n kwaliteit, goed gebalanseerde Sportprogram aan te bied. Ten einde hierdie doelwit te bereik maak ons gebruik van goed gekwalifiseerde afrigters wat die basis van goeie sportmanskap by ons jong sportmanne en -vroue tuisbring. Ons bied vir al ons leerders 'n veilige en vriendelike omgewing waar almal deelneem vir die genot daarvan en terselfdertyd 'n liefde vir sport kan ontwikkel. Ons neem deel aan talle Sportdae en probeer om soveel as moontlik spanne die geleentheid te gee om deel te neem. Indien daar nie geleentheid is vir wedstryde teen ander skole nie, speel ons interne wedstryde.

SPORTOEFENINGE BEGIN OP 29 JANUARIE 2024. Neem asb. kennis van die volgende inligting ivm Somersport. Inligting sal ook aan ouers deurgegee word by die klas vergaderings. Neem ook kennis dat ons weeklikse sport skedule kan om kort kennisgewing verander.

KODE VIR OUERS

- Toeskouers behoort te onthou dat kinders aan sport deelneem vir hulle eie plesier
- Alle spelers moet positief aangemoedig word
- Beslissings deur afrigters, skeidsregters en wedstrydbeamptes moet eerbiedig word
- Moenie enige speler, beampte, mede-toeskouer of afrigter verbaal aanval of afkraak nie
- Weet ons is slegs besig met 'n spel – dit is nie 'n oorlog nie !

OUERS WORD VRIENDELIK MAAR DRINGEND GEVRA OM ASB. ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE TYDENS OEFENINGE OP DIE BANKIES LANGS DIE NETBALBANE OF LANGS DIE SPORTVELD ONDER DIE BOME TE SIT NIE. DIT TREK DIE KINDERS SE AANDAG AF EN BEMOEILIK AFRIGTING. DIT IS ONS BELEID DAT ALLE LEERDERS SONBLOK EN 'N SPORTPET SAL DRA TYDENS ALLE OEFENINGE EN WEDSTRYDE

Spelers speel streng volgens ouderdom. Spelers wat in 2017 gebore is - 0/7. 2016 gebore – 0/8 en 2015 gebore- 0/9. Spelers wat in 2014 gebore is, neem deel by Laerskool Durbanville

Onderwysers / afrigters sal die leerders na die verskillende sport oefen areas neem. Ouers **MOET STIPTELIK** na oefening hul kinders by die spesifieke area optel. (Vereenselwig uself waar u kind opgetel moet word).

KRIEKET : TIENIE LOUW SPORTVELD (HEK C1 op Lindenberg Straat)

NETBAL : GRAAD 1 : HEK 6 GRAAD 2 : HEK 6 GRAAD 3 : HEK 6

HOKKIE : HEK C1 / D

KLEREDRAG

KRIEKET - Oefeninge: Blou oefenbroekie en skool sporthempie (**geen** swemklere onder)

- **Wedstryde**: Wit kortbroek, blou skool sporthempie, tekkies, kort wit sokkies en skoolpet

NETBALVAARDIGHEDE - Oefeninge: Blou oefenbroekie en skool sporthempie, sokkies en tekkies

HOKKIEVAARDIGHEDE - Oefeninge: Blou oefenbroekie, skool sporthempie, sokkies en tekkies.

ATLETIEK - ATLETIEKSPAN bestaan uit al die finaliste by ons Atletiekdag

Oefeninge: Blou oefenbroekie en skool sporthempie.

Atletiekbyeenkomste: Skool se atletiek kleredrag (word deur ouers aangekoop).

SWEM - LO: **SLEGS** aanvaarbare swemdrag, (**een-stuk** vir meisies, swempet en swembril

SWEMSPAN: word gekies uit swemmers wat in ons swemproewe deelneem

GALAS: **SLEGS** Voorbereidingskool span swemdrag

* **GEEN** oorbelle, ringetjies of horlosies word toegelaat nie. **GEEN** sweetpakke word toegelaat tydens oefening en wedstryde nie**.**

ALLE KLEREDRAG : (te koop by LAERSKOOL DURBANVILLE KLEREWINKEL

epos : klerebank@durbieland.com ***aandag : Retha du Toit*** *)*

OEFENTYE

KRIEKET – Tienie Louw sportveld, Maandae en Donderdae

GRAAD 1: 13:15 – 14:00

GRAAD 2: 14:00 – 14:45

GRAAD 3: 14:45 – 15:30

NETBAL – Netbalbane, Maandae en Donderdae

GRAAD 1: 13:15 – 14:00

GRAAD 2: 14:00 – 14:45

GRAAD 3: 14:45 – 15:30

HOKKIE, – Astro bane, Maandae (Dogters); Woensdae (Dogters en Seuns)

GRAAD 1: 13:15 – 14:00

GRAAD 2: 14:00 – 14:45

GRAAD 3: 14:45 – 15:30

ATLETIEKSPAN – (Tienie Louw sportveld)

GRAAD 1 & 2: MAANDAE 07:20 – 07:50

GRAAD 3: WOENSDAE 07:20 – 07:50

ATLETIEKBYEENKOMSTE : soos per brief

SWEM

LO - *SLEGS IN KWARTAAL 1 en 4*

SWEMSPAN OEFENINGE - *WOENSDAE (15:00 – 15:45) VRYDAE (skooltyd)*

GALAS: - soos per brief

INDIEN DIT **BEGIN ReëN TYDENS 'N OEFENING**, SAL DIE KINDERS WAT BO OP DIE SPORTVELDE OEFEN, IN DIE TIENIE LOUW SENTRUM GEAKKOMMODEER WORD TOT HULLE AFGEHAAL WORD. DIE KINDERS WAT OP NETBALBANE OEFEN SAL IN KLASKAMERS GEAKKOMMODEER WORD. LET ASB. DAAROP DAT HIERDIE REëLING NIE SAL GELD INDIEN SPORT AFGESTEL WORD NIE, MAAR **SLEGS** INDIEN DIT GEDURENDE 'N OEFENING BEGIN REëN. **'N SPORT KANSELLASIE BOODSKAP WORD OM 12:15 GESTUUR DEUR DIE D6 CONNECT TOEPASSING .**

Alle Graad 1 krieketspelers word geëvalueer voor die seisoen (basiese krieketvaardighede) Hierdie asseserings bepaal oefengroepe. Spanne word gekies vir wedstryde en aanhoudende evaluering vind plaas gedurende die seisoen, spanne kan verander. Ander ouderdoms groepe word gedurende oefentyd geëvalueer.

Elke speler wat gedurende die week 'n wedstryd speel sal voor/op ***DINSDAE*** 'n brief met wedstrydreëlings ontvang. **INDIEN 'N SPELER NIE 'N BRIEF ONTVANG NIE (met sy naam op nie) , IS HY / SY NIE VIR DIE BETROKKE WEDSTRYD GEKIES NIE.** Saterdagwedstryde se brief sal Donderdae uitgedeel word. Let asb. daarop dat spelers 20 minute voor die aanvang van wedstryde by die betrokke veld moet aanmeld. Wees

asb. stiptelik, aangesien ‘n ander speler in u kind se plek geplaas sal word indien hy / sy nie betyds is nie. ‘n vriendelike versoek word gemaak aan ouers om vroegtydig die sportkantoor te kontak indien u kind nie ‘n oefening kan maak of ‘n wedstryd kan speel nie.

VERVOER: Die skool beskik nie oor ‘n skoolbus nie. Dit is dus u as ouer se verantwoordelikheid om vervoer te reël wanneer daar weg-wedstryde gespeel word.
Maak asb. seker dat u kind te alle tye vertroud is met vervoer-reëlings. Wie hom/haar neem en wie hom/haar kom haal.
SLEGS leerders wat by ***Durbanville Voorbereidingskool Nasorg*** ingeskryf is sal met vervoer gehelp word **mits ouers *vroegtydig* met die Sportkantoor reëlings tref. GEEN** Durbanville Voorbereidingskool leerder sal deur onderwysers of afrigters vervoer word.

BEPALINGS

DATUM	*TEEN*	*WAAR*
KW 1 en 4	**KRIEKET ONDER 9 LIGA**	**Soos per liga bepalings**
26 JAN	**ATLETIEKDAG**	**TUIS**
30 JAN	**DVILLE VOORBEREIDINGSKOOL SWEM PROEWE**	**TUIS**
6 FEB	**SOMERSET WEST ATLETIEKBYEENKOMS**	**WEG**
9 FEB	**LAERSKOOL EVERSDAL MINI KRIEKETDAG**	**WEG**
16 FEB	**HUGO RUST MINI KRIEKETDAG**	**WEG**
17 FEB	**GENE LOUW MINI KRIEKETDAG**	**WEG**
20 FEB	**DVILLE VOORBEREIDINGSKOOL SWEM GALA**	**TUIS**
21 FEB	**‘SKADU VD BERG; ATLETIEK, PAARL**	**WEG**
24 FEB	**PANORAMA MINI KRIEKETDAG**	**WEG**
26 FEB	**LAERSKOOL KENRIDGE ‘FUN RELAY’ GALA**	**WEG**
27 FEB	**PANORAMA ATLETIEKDAG** **EVERSDAL SWEMGALA**	**WEG** **WEG**
2 MAR	**LAERSKOOL EIKESTAD MINI KRIEKETDAG**	**WEG**
16 MAR	**PAARL SEUNSSKOOL RUGBYDAG**	**WEG**

**** LW - Hierdie program is onderhewig aan verandering**

INDIEN U KIND BESLUIT OM AAN ‘N SPORT DEEL TE NEEM SAL DAAR VAN HULLE VERWAG WORD OM ELKE OEFENING BY TE WOON VIR DIE DUUR VAN DIE SEISOEN.

M. SENGER **A. MOSTERT**

SPORT DEPARTEMENT **SKOOLHOOF**